~~Rehoboth — Des 1936~~ 136.

# Die Erfenis van die Voortrekkers.

Piketberg & Citrusdal Dingaansfees Des: 1936.

191. J. 5 (7)

I. Wat is 'n erfenis?

(a) Gewone betekenis: iets tasbaars.

(b) Onsigbare of geestelike dinge: eienskappe. 1ste godsdienstige onderwys van moeder. Eerlikheid, pligsgetrouheid van vader. Verstandsontwikkeling – onderwyser. Geestelike verheffing en godsdiensbesef – leraar. Wat is ons nalatenskap van hulle?

II Wat is die erfenis van die Voortrekkers?

(a) Tasbaar:

(1) Opening van weë – Fuller oor Trigardt.

(2) Verspreiding van beskaafde bedrywe.

(3) Groter blanke Suid-Afrika.

(b) Onsigbare of Geestelike erfenis.

(1) Opregtheid. – Thos. Pringle in Tarka. Ook redes vir Trek meegedeel – Retief en P. L. Uys. Kry nie dieselfde opregtheid v. regering nie.

(2) Gasvryheid. – Vgl. selfs Barrow.

(3) Selfstandigheid. – Uittog uit Kol. – aktiwiteite op trekke. Besluite.

(4) Volharding. – Woorde v. Anna Steenkamp, Beproewings v. Trigardt – (dogtertjie en vrou). Rol van vrou. – voorbeelde.

Sitate uit Dagboek. ⟶

(5) Nasionalisme. – Manifes van Retief.

(6) Bybelvastheid. Bybel in wakis – J. Uys.

(7) Tradisie. – waarde daarvan – Dingaansfees.

III Hoe het ons die Erfenis tot nou toe gebruik?

(a) Tasbare – Suid-Afrika.

(b) Geestelike:

(1) Opregtheid – eenvoudigheidslewe. Eglin: „simplicity and sincerity".

(2) Gasvryheid.

(3) Volharding. – besluit veragter by Voortrekkers; en tog moeilike omstandighede. – arbeiders, boere.

(4) Nasionalisme. – groot nas. beweging. – Diederichs.

(5) Bybelvastheid.

(6) Tradisie. – vgl. plekke waar Dingaansfeeste nie meer gehou word nie.

IV Hoe gaan ons die Erfenis in Toekoms gebruik?

(1) Elkeen moet vir homself besluit.

(2) Eglin met een antwoord: terug na die opregtheid, gasvryheid, ~~selfstan~~ selfstandigheid, volharding, nasionalisme, en bybelvastheid van Voortrekkers.

(3) Hul tradisie moet gehandhaaf word. Hoef nie vyandig teenoor ander volke te wees nie, maar bewaar ons eie.

Dood van jong dogtertjie.

Dinsd. den 29ste. Aug. 1837.

Omtrind middag zei ik aan Carolus, dat hy aan een doot kissie moet gaan, dat ik zie, dat de kleijne alle minuiten swakker word, en haar einde niet ver is. Om één uur, zoo als zij omtrind geboren is, is zij overleden, op Dinsdag den 29ste Aougus 1837.

Pietà is de voormiddag na de vee gegaan. Toen hy te huis kwam was zijn sustertjie overleden. Toen de kissie klaar was, zei ik dat hy haar daarin leggen moet, en dan in een ander kis setten, tot zij begraven word, dat wij geen huis had. Ik liet aan de graffie gaan, zoo ver als zij die avond komen kon, om het na behooren te maken over niets de aarde droog en hard was.

Woensd. den 30ste.

Om 12 uur zei mijn vrouw, dat zij verkies dat de lykie maar ter aarde zal besteld worden. Heb Carolus de menschen bij elkander geroep, is zij ter Aarde besteld)

Maand. den 30ste. ~~Apr.~~ 1838.

—— Omtrind 3 uur ging ik na mijn lieve vrouw; zei de jufr. dat ik haar weer een keer door de vertrek saggies bij haar armen lijen mog, dat zij een wijnig haar lighaam tot beweging bring. Toen ik met haar in de voor vertrek was, liet ik haar een wijnig sitten, liet de jufr. haar mond open maak, zei zij dat zij haar tong

schoonmaken moet, dat zij groot gevaar ziet als dat niet gedaan word. Ik brag haar weer op haar kamer en met veel mooij ~~praten~~ praten van mijn liet zij de jufr. het lae. Ik bleef bij haar tot ~~son~~ onder, om te zien of zij de koude koors weer tegens die tijd dat de son ondergaat krijgen zouw, maar zij was bevryd; en de tijd wat zij alle avonden het krijg was voorbij — Met dat zij weg ging kwam jufr. Schepers mijn roepen dat mijn vrouw zoo sleg ziek op de ogenblik geworden is. Ik liep met allerijl na haar kamer, vond haar spraakeloos! Ik rigte haar op. kwam zij een weinig ~~weer bij haar~~ tot haar zelven. De jufr. brag mediezijnen die haar weer bij haar kennis brag. Zei de jufr. dat ik en de kinders gerus slapen moet, dat haar gedaglen is dat zij morgen sterker wezen zal als nu, en wouw niet hebben dat als zij haar verkiesing zeggen moet; dat wij bij haar de nagt waken zouw, dat zij zelfs de nagt waken zal.

De droefheid overweldig mijn zoodanig, dat ik niet dagte de andere dag nog te leven.

Ziekte en Dood van Trigardt's vrou.

Dinsd. den 1ste. Mei 1838.

De morgen toen de haan kraaij stond ik op, om te zien of ik niet eits te horen kon komen hoe mijn lieve vrouw gesteld mag wezen, maar dat was alles stil in de huis; ging ik weer leggen. Maar kon ~~niet~~ niet slapen, is ik weer op gestaan met de tweede hane kraaij, was het nog niet dag; heb ik met ongedult

de tijd af gewagt dat de jufr. haar deur open mag maken. Ik steurde Carolus om aan te kloppen en na zijn moeder haar toestand te vernemen. Hy kwam terug, en zei dat zijn moeder redelik is maar zeer swak. Ik ging ten eersten na haar kamer, en zei haar Goede morgen. Zij sprak zoo sag dat ik byna niet verstaan kon wat zij zei! Ik vraag haar, of mijn lieve vrouwe mijn kende; zij antwoorde, of zij dan mijn dan niet kennen zouw. Maar zoo belemmert dat ik byna niet verstaan kon wat zij sprak.

Toen zag ik dat mijn gevoelen maar al te waar gegrond was! Dat ik haar niet meer met gezontheid zien zouw! Van die ogenblik nam de droefheid zodanig de overhand op mijn, dat ik niet wis wat ik deet of spreken zouw. De kinders weende met mijn, het welk mijn nog meer en meer mijn beswaarde gemoed bedroefde. Ik nam afschijd van haar voor dit leven, maar dagte haar in de huis des hemelschen Vaders weer te zien, en klaagte bij Hem niet, maar bid dat hij mijn tot hulp mag komen. De wille des Heeren moet geschieden, en alle ons moeite en sorg was te vergeefs.

Omtrent elf uur nam de Allemachtige God haar weg! [Met vaste vertrouwen in . . . . a) ik ben! Dat mijn waarde en teer beminde lijf een salige verwisseling gedaan heb.] Egter ken ik mijn niet

troosten. De droefheid overstelp mijn zodanig, dat ik bij-na buiten mijn kennis raakte. De heer en juffr troostte mijn, maar voor mijn is geen troos op aarde.

Ik had Carolus een kis laate maken vóór haar doot, toen ik zag dat daar voor haar weinig hoop was. De avond was het klaar. Jan Pretorius had de volk late versoeken hem te helpen. Mijn liefste en dierbaar pand wierd van mijn voor Eewig genomen.')

---

1838, Aougust den 10de, had ik een stille verjaarsdag, dog zal daaraan gedenken.

# Die Erfenis van die Voortrekkers.

I Wat is 'n erfenis?
Die gewone betekenis. 'n Plaas op ons ope Afrikaanse platteland. Of 'n huis in ons idilliese dorpe. Of 'n besighied in ons stede. Of geld. Ja enigeen van dié kan 'n erfenis wees. Of soms kry ons gelukkige mense wat 'n paar hiervan tegelyk as erfenis ontvang. Dit is die gewone betekenis waarin die woord die meeste gebruik word. Dus iets konkreets, 'n kosbare tasbare besitting wat deur 'n liefhebbende vader of moeder, of oom of tante of 'n ander familiebetrekking, of soms ook 'n goeie vriend aan ons nagelaat word.

Maar het ons al ooit daaraan gedink dat dit nog maar die halwe betekenis van die woord is? Dat ons gewoonlik net dink aan die konkrete, die tasbare dinge, dit is die dinge wat gesien word, terwyl ons die

geestelike dinge, d.i. die dinge wat nie gesien word nie en wat so oneindig meer beteken, uit die oog verloor. Het ons daaraan gedink dat ons van andere, en by uitstek van ons ouers, nie slegs sigbare dinge nie maar ook onsigbare dinge kan erf? Sekere eienskappe of karaktertrekke — is dit deugde of ondeugde — word immers oorgeplant van vader op seun, op kleinseun, en so voort en ook dit maak 'n deel van ons erfenis uit. Ek stel my die vraag: van wie het ek die eerste godsdienstige onderwys gekry, wie het my in my ontvanklike kinderjare op sin simpatieke, sin duidelike en innige manier die skoonheid en die waarheid van Bybellesse laat verstaan? — Is dit nie 'n moeder — soos 'n moeder alleen dit kan doen nie? En verder, toe ek begin opgroei het, wie is dit wat

my met woord en daad die waarde van dinge soos eerlikheid en pligsgetrouheid kragtig en helder aan die verstand gebring het? — Is dit nie 'n vader nie, soos 'n vader dit alleen kan doen nie? En nog verder: toe ek in my gevorderde skooljare gekom het, wie is dit wat my geleer het om vir myself te dink en my godgegewe gawe, die verstand, tot ontwikkeling te bring? — Is dit nie 'n inspirerende en voorbeeldige onderwyser nie? Is hy nie die man wat so aan my karakter help vorm het nie, en wat so gehelp het om van my 'n selfstandige, denkende burger te maak nie? En nog eens: toe ek reeds opgegroei was en selfstandig kon dink, wie is dit wat my deur welgemeende, ernstige vermaning en voorbeelding

tot geestelike verdieping en grondige godsdiensbesef gebring het? — Is dit nie 'n beminde en gerespekteerde leraar nie? En so kon ek voortgaan en my nog baie ander dergelike vrae stel, en baie ander manne en vroue sal ek vind wat deur hulle wekkende woorde maar veral hulle trekkende voorbeelde 'n diepgaande invloed op my uitgeoefen het. Voor die geestesoog sweef hulle verby: 'n liefdevolle moeder, 'n opregte vader, 'n inspirerende onderwyser, 'n rigtende leraar — elkeen het vir ons iets in die lewe gegee. Laat ons dan die vraag stel: as sulke mense ons ontval, wat is dan hulle nalatenskap of hulle erfenis aan ons? Dit lê voor die hand, dis nie soseer die sigbare dinge wat hulle vir ons nagelaat

het nie, maar dis veral die onsigbare dinge wat ons aan hulle verskuldig is — die hoëre geestelike waardes wat van ons beter mense maak en wat meehelp om 'n nasie op te bou. Dis immers so oneindig meer belangrik as konkrete tasbare dinge, wat 'n kortstondige doel dien.

As ek dan aan die erfenis van die Voortrekkers ~~Dit is waar in hierdie~~ dink, dink ek eers aan die sigbare dinge wat hulle ~~wat dat ek aan die erfenis~~ vir ons nagelaat het, en tweedens en veral ~~van die Voortrekkers dink~~. aan die onsigbare dinge.

II Wat is die erfenis van die Voortrekkers?

Toe die Groot-Trek begin het, het die Kaapkolonie op verre na nog nie die gebied beslaan wat hy vandag beslaan nie. Hier in die noord-weste op het dit in 1834 tot in die droeë streke van Namakwaland gestrek; in die noorde tot aan die Oranjerivier en in die Noord-ooste en ooste tot aan die rante van ~~grens~~ ~~van~~ die Kaffergebiede, die

lê ongeveer aan die oewers van die Keiskamma- en die Keirivier.

Dit was die toestand ongeveer 100 jaar gelede. Ons sien dan ~~[illegible]~~ die blankes toe nog maar in ~~[illegible]~~ betreklike klein gebied in Suid-Afrika bewoon het in vergelyking met die uitgestrekte streek wat hulle vandag bewoon.

~~Wat nie is nie slegs~~ maar daar vind die Groot Trek plaas. Dit is die voortrekkers ~~is die gebied van die destydse blankes in S. Afr.~~ met al hulle eenvoud, maar met hulle hoog ontwikkelde praktiese ~~maar ook is hy~~ sin, wat geroepe word om ~~[illegible]~~ in die onbekende wildernis weë ~~[illegible]~~ te baan. Dink net vir 'n ~~[illegible]~~ oomblik na watter moeilike ~~[illegible]~~ taak dit vir enigeen van ons ~~[illegible]~~ sou wees, maar die voortrekkers ~~[illegible]~~

was opgewasse daarteen. Hy het daarin geslaag om sy weg te vind, en waar die natuur struikelblokke in die weg gelê het, het hy tog sy weg gebaan.

Dr. Claude Fuller wat ~~[illegible]~~

groot moeite en opoffering stap vir stap vasgestel het waarlangs Louis Trigardt — die eerste Voortrekkerleier — van Noord Transvaal tot in Delagoabaai getrek het, verklaar dat dit eenvoudig onvoorstelbaar is hoedat Trigardt met sy mense, hulle waens en vee oor al die moeilikhede heen kon kom. Bo-op die Drakensberge het hulle selfs onbetwisbare getuienis van die pad wat Trigardt met sy mense eiehandig daar in hulle gemaak het. — En dit bestaan vandag nog. Selfs die Drakensberge — daardie skrikwekkende gebergte met hulle rotskranse, diepe klowe en loodregte kranse was vir die Voortrekkers geen onoorkomelike struikelblok nie.

So het hulle die weg aangegaan in die

woestyn, en so kon ook geslagte na hulle kom om van die ~~p~~ weë gebruik te maak. Aldus was hulle die voorlopers, en hulle was ongetwyfeld goeie voorlopers, want lank na die Groot Trek was baie van hulle ou paaie nog in gebruik. En selfs vandag is verskeie van hulle ou paaie gevolg toe nuwe paaie en spoorweë gebou is. Dus is ons vandag met al ons nuwerwetse en wetenskaplike middele soms nog nie in staat om beter ~~xx~~ paaie aan te wys as die eenvoudige ou Voortrekkerweë.

Vervolgens was die Voortrekkers verantwoordelik vir 'n geweldige verspreiding van die ~~blanke~~ beskaafde bedrywe van die blankes. Voor die Groot Trek vind ons die blankes besig met hulle sistematiese landbou en veeteelt in die beskutte Kaapkolonie

van daardie tyd. Buite die Kaap-kolonie vind ons die onbeskaafde Kafferstamme wat wel veehouers was en ook 'n geringe mate van akkerbou beoefen het, maar wat die veeteelt en landbou gladnie op 'n sistematiese en weloorwoë manier beoefen het nie. En buitendien, watter toestande het daar onder hulle geheers? Dit is bekend hoedat mag en geweld geseëvier het, en hoedat daar vir die swakkere geen genade en geen beskerming teen die geweld van die sterkere was nie. Groot dele van ons binneland is meedoënloos geteister deur wrede opperhoofde, so erg dat sulke streke selfs ontvolk is. Dit is bekend hoedat die Voortrekkers b.v. vanaf die Midde-Vrystaat (Thabanchu) tot by die Soutpansberge slegs hier en daar klein klompies inboorlinge teëgekom het: deur die verwoestende Matabele-impis van Moselikatse

was die ontsaglike gebied byna heeltemaal ontvolk.

Aan die Voortrekkers is dit te danke dat daar in sulke toestande 'n weldadige verandering gekom het. Hulle is die mense wat die gebiede beskaaf en bewoonbaar gemaak het. Waar wanorde en verwoesting geheers het, het hulle orde en rus gebring. Daar waar voorheen geen beskaafde bedryf bestaan het en kon bestaan nie, het hulle met hulle landbou en veeteelt sistematies begin en so wel gewerk tot die verspreiding van beskaafde blanke bedrywe.

Hieruit volg duidelik dat die Voortrekkers die mense was wat die fondamente van 'n groter blanke Suid-Afrika gelê het. Ons woon vandag in die Unie van Suid-Afrika — die ou Kaapkolonie, die Vrystaat, Natal en Transvaal. Dit is daaraan aldie die laasgenoemde provinsies het

di Voortrekkers binne die korte tyd van tien jaar vir ons gewen en vir ons bewoonbaar gemaak. Was dit nie vir hierdie sloëre voorgeslag nie sou dit ongetwyfeld sterntalle van jare geduur voordat hierdie groot gebied 'n blanke gebied sou geword het. Dus ook di Unie van Suid-Afrika soos ons dit vandag ken is tot 'n groot mate die resultaat van die werksaambede van ons Voortrekkerboere.

By hierdie stadium kan ons sien wat die erfenis van di Voortrekkers in sigbare of tasbare sin was. Hulle het die weë in die binneland geopen, hulle het die gevestigde en beskaafde bedrywe van die blankes oor 'n enorme groot gebied versprei, en hulle ~~het~~ aldus, in grootskaalsmaat die gebied bewoonbaar gemaak wat ons vandag as die Unie van Suid-Afrika ken. Ons, bewoners en burgers van di Unie, moet daaraan

dink dat ons 'n baie groot deel van ons land aan hulle verskuldig is. Ons woon in 'n sonnige, gesonde land, en dit pas ons om by geleenthede soos hierdie hulde te bring aan die nagedagtenis van die voorgeslag wat vir ons ~~hierdie~~ hierdie land as hulle erfenis nagelaat het.

Maar ek het voorheen gesê dat ek aan die erfenis van die Voortrekkers eintlik veral in 'n ander sin dink, d.w.s. nie soseer in die sin van ~~tasb~~ sigbare dinge nie, maar veel bepaald in die sin van onsigbare dinge. Ek dink veral aan sekere karaktereienskappe waardeur die Voortrekkers by uitstek gekenmerk was, en wat ons volk in mindere of meerdere mate vandag nog kenmerk. Dit is sulke dinge wat hulle vernaamste erfenis uitmaak. Laat ons dan nou daaroor nadink.

Die eerste punt onder hulle geestelike erfenis wat ons vandag verdien is opregtheid. Mense van blanke opregtheid was hulle in al hulle handel en wandel: in hulle optrede in hul huislike kringe, in hulle onderlinge verhoudings met mekaar in hulle optrede teenoor volksvreemdelinge, in hulle verhouding teenoor hulle owerheid, orals word hulle deur hierdie opregtheid gekenmerk. Hiervoor is daar baie bewyse. Verskeie reisigers wat met die Voortrekkers kennis gemaak het, het hierdie kenmerk duidelik raakgesien. Ons kan hier net die bevinding van Thomas Pringle aanhaal. Hy was een van die Britse immigrante wat in 1820 ons land ingekom het. Ongeveer 1830 reis hy o.a. in die Tarka-gebied en maak kennis met baie boere wat 'n paar jaar later op trek uit die Kolonie gaan. Hy sê dat hulle vir die algemeen

eenvoudige mense is, wat hom vriendelik behandel en vertroulik en openhartig met hom gesels. By hulle skuil daar geen argwaan of wantroue nie, selfs nie teenoor die vreemdeling nie, en hulle stel hom selfs allerhande persoonlike vrae — die welstand van sy vriende en ~~familiebetr~~ familiebetrekkinge e.s.m. — Selfs sy ouderdom! Maar Pringle was verstandig genoeg om te weet dat dit geen vrypostigheid of onbeskoftheid aandui nie. Hy het ~~maar eenvoudige~~ hulle op sy beurt sulke persoonlike ~~hartlikheid en opregte~~ vrae gestel, waarop hulle met voldoening geantwoord het, terwyl hulle ongetwyfeld sy belangstelling hoog waardeer het. Pringle kom tot die konklusie dat hulle eenvoudige maar buitengewoon opregte mense is, gekenmerk ~~[illegible]~~ deur hartlikheid en opregte belangstelling.

Hulle opregtheid blyk

ook met verskeie ander aangeleenthede. Toe die Voortrekkers die Kolonie verlaat het, het hulle nie soos boosdoeners weggesluip of soos wegloopers die land stil-stil verlaat nie, inteendeel ~~hulle~~ het gevoel dat hulle gegronde en ernstige redes vir hulle handelwyse gehad het, en hulle beskou dit hul plig om hierdie redes vir ~~aan~~ die owerheid duidelik uiteen te sit. So gaan ons dan dat verskeie van die Voortrekkerleiers weloorwoë en duidelike ~~breedvoerige~~ uiteensettings van hulle standpunt aan die owerheid gerig het. Dink in hierdie verband aan die uiteensetting van Pieter Lavras Uys en die beroemde manifes van die ewe beroemde Voortrekkerleier Piet Retief. In hierdie verklarings hoor ~~ons~~ ons die Voortrekker sy hart uitpraat oor al die

beproewing en lyding wat hy onder 'n onsimpatieke bewind in die Kaapkolonie moes verduur. Eerlik en opreg leer ons hulle ook in hierdie stukke ken.

Opreg was die voortrekker deur en deur. Hy het hom duidelik uitgespreek, en sy woord kon jy neem en daarop reken. Opregtheid wat by hom iets natuurliks was, het hy ook by andere veronderstel. Omdat daar by hom geen wantroue en argwaan was nie het hy dit ook nie by andere verwag nie. Die Groot-Trek moet juis daaraan toegeskryf word dat die Voortrekker wat sy regering met eerlikheid en opregtheid genader het, van owerheidswee nie dieselfde eerlikheid en opregtheid gekry het nie.

Die tweede punt in hulle geestelike erfenis is gasvryheid? ~~volharding~~. Hieroor geen lang betoog nodig nie, nie nodig om voor 'n lange

daarvoor aan te haal nie omdat vrywel algemeen bekend is. Gasvryheid 'n baie 'n kenmerk van die plattel. bevolking van S.-Afr. Verskeie ou reisigers het daarvan melding gemaak. Vgl. Selfs Barrow wat anders nie goeds oor hulle te sê gehad het nie. Maar die minsaamheid 'n kenmerk van die Voortrekkers gewees. Gasvry nie slegs teenoor familiebetrekkinge en vriende nie, maar selfs teenoor die vreemdeling. 'n Uitstekende kenmerk in algemeen, maar veral 'n uitstekende kenmerk onder die omstandighede waaronder die Voortrekkers geleef het.

Die Voortrekkers was ook gekenmerk deur 'n buitengewone mate van selfstandigheid. Ons is soms geneig om te dink dat opregte, gelowige mense so selfopofferend sal wees dat hulle eie beslistheid en selfstandigheid, kortom hulle eie persoonlikheid, daaronder sal ly. Maar dit hoef nie die geval te wees by kerngesonde mense nie, en dit was nie die geval by die Voortrekkers nie, juis omdat hulle sulke kerngesonde, sulke egte mense was. Volg hulle op hulle

verwaarmste weë en u sal te
uitdruk kry van hulle selfstandigheid.
Toe hulle die Kolonie verlaat het,
het hulle goed geweet dat
hulle afgesny sou wees van die
beskawing en die buitewêreld, maar
hulle was bereid om die afgeslotenheid
te trotseer en hulle wis dat hulle
dit kon doen. Volg hulle op
hulle trekke en kyk hoe hulle
te werk gaan. — ~~[illegible]~~ Smidswinkels —
skrynwerkery — bidhuis. En so het
hulle hul met karige middele
— in Boer-maak-'n-plan —
self deurgehelp. maar kyk ook
na die groot resultate van
hulle werk — die Voortrekkerrepublieke
met hulle goed-ingerigte besture.
Dis ook sprekende bewyse van
hulle selfstandigheid.

'n Mens kan nie so
selfstandig wees as jy nie
kan volhard nie — en ook
deur volharding word die Voortrekkers
in hoë mate gekenmerk. Kry met
kolossale moeilikhede te kampe en
alleen hul vermoë om te
volhard het hulle deurgebring.

Woorde van Anna Steenkamp: Retief vermoor, Maritz oorlede, Uys gesneuwel. Dink aan beproewings v. Trigardt: dood van sy dogtertjie en sy vrou. Dink ook aan al die wrede moorde — Bloukrans, Moordspruit, Weenen. Maar ten spyte van dit alles is die gees van die Voortrekkers nie gebreek nie — steeds het hulle volhard. In hierdie volharding het die vrou 'n groot rol gespeel. Dink aan vrou van Trigardt in die Drakensberge, en aan die Voortrekkervroue na die Eng. anneksasie van Natal.

Verder het die Voortrekkers ons die erfenis van nasionalisme nagelaat. Dink aan manifes van Piet Retief — (neem enkele passasies daaruit). By hulle was daar 'n sterk volksbesef — het hulle as ware produkte van die Afrikaanse bodem beskou.

Vervolgens Bybelvastheid. Betekenis van die Heilige Skrif vir hulle;

Druk van Piet Retief en baie ander Trekkers wat wat die Bybel in die wakis uitgetrek het. Vgl. ook Jakobus Uys-woord 'n Bybel gegee deur die mense van Grahamstad by sy uittogas 'n blyk van hulle hoogagting. Huidie Eng. settlaars het die Afrikaner blykbaar goed leer ken, a besef wat die waardevolste geskenk is wat hulle hom kan gee.

Op grond van dit alles kan ons sê dat die Voortrekkers ons 'n tradisie nagelaat het. 'n Tradisie wat ons kan beskou as 'n eie kultuurgoed — iets wat ons bind aan ons eie volksverlede en iets wat ons in die hede en in die toekoms kan inspireer. Daar is mense wat meen dat 'n mens nie teveel aan tradisie moet vas wees nie, omdat dit vooruitgang en inisiatief kan strem. Maar wat 'n mens ook

al van tradisie sê, dit is en bly iets wat ons nasionale bewussyn wakker hou en wat ons as 'n volk in die oseaan van die wisselende tye op 'n betroubare rots vasanker. Ons hou Dingaansfeeste, ons bring hulde aan die nagedagtenis van ons voorouers en ons betuig op sulke geleenthede net soos die Voortrekkers ons afhanklikheid van en ons vertroue in die Hand van die Voorsienigheid. Laat ons met ons Dingaansfeeste volhou want daardeur toon ons dat ons die Voortrekkertradisie handhaaf.

III Hoe het ons die erfenis tot nou toe aangewend?

(a) In tasbare sin — ons mooi land Suid-Afrika. Ons is gelukkig maar duisende armblankes wat deur ons opgehelp moet word.

(b) In geestelike sin —

1. Opregtheid — ons hedendaagse

lewe is geneig om dit te
ondermyn – vgl. besigheidslewe.
Nietemin kan ons volk oor
algemeen nog opreg genoem
word – vgl. woorde van Eng.
vriend: "simplicity and sincerity".

2. Gasvryheid. Ons is oor alg.
ook nog 'n gasvrye volk
maar ook hier is die neiging
dat dit meer en meer uitgedoof
word.

3. Volharding. Hier moet ons
beslis sê dat ons by die
ou Voortrekkerpioniers ver agter
staan. En dit ten spyte van
die feit dat ons vandag
gladnie meer met dieselfde
ernstige probleme te kampe
het nie. Vgl. arbeidsklasse
wat gedurig op baie slegte
toestande wys en hoë lone
verlang. Vgl. baie boere wat-
steeds na die oë van die
regering sien. Dit skyn of weelde
en gemak ons weerstandsvermoë
en ons volharding ons
ontneem het.

4. Nasionalisme. Vanaf die Groot Trek tot nou toe het ons baie tekens van nasionalisme gehad. 1ste Vryheidsoorlog – Afr. Bond – 2de Vryheidsoorlog – Twede Afrikaanse Taalbeweging – Afrikaans in Kerk en Staat X – Helpmekaar – Afr. Kultuurvereniging. Is ons nog so nasionaal bewus soos die Voortrekkers? Sommige meen nie – persoonlik is ek 'n optimis. Maar ons het bepaald 'n baie kritieke stadium bereik. woorde v. Diederichs.
X – Praat nie politiek nie, maar hou my besig met iets veel hoërs.

5. Bybelvastheid. Ons is nog 'n godsdienstige volk, maar ons het bepaald nie meer dieselfde Bybelvastheid as ons voorouers nie. – Vriende Ds. Brouwer en Dr. Muller sal hier kan getuig

6. Tradisie. Handhaaf ons dit nog. Baie van ons wel maar baie ook nie. Vgl. baie plekke wat bv. geen Dingaansfeeste meer hou nie. Rede: gebrek aan belangstelling.

IV Hoe gaan ons die erfenis in die toekoms gebruik? Elkeen moet die vraag vir homself stel, en as elkeen ferm en beslis is, sal ons hele volk reg handel. Want daar is net een antwoord: ons moet terugkeer na die opregtheid, die gasvryheid, die selfstandigheid, die volharding, en die nasionalisme van die Voortrekkers, en hulle tradisie moet ons met hart en siel handhaaf. Want van een ding voel ek seker en dit is as ons daardie tradisie prysgee, as ons nie besef dat ons 'n dure verpligting teenoor hulle erfenis het nie, is ons as 'n volk tot ondergang gedoem. Ons hoef nie vyandig teenoor ander volke en hulle ideale te staan nie, maar laat getrou wees teenoor wat ons eie is.